**5.1.030 Kerkplein** [Erwe 412 en 411 – in 1879]

Hoofman Sekukunie [Sekhukhune] op pad na die tronk



[1] [2] [3]

1. Eerste Goewermentsgebou
2. European Hotel
3. Eerste kerk op Kerkplein

Nog 'n afbeelding van Hoofman Sekukunie [Sekhukhune] op pad na die tronk. Ek vermoed die skets het in 1879 of 1880 in die Illustrated London News verskyn.

Die volgende byskrif verskyn by die foto: "The final scene. Sekukuni, paramount chief of the Pedi, is brought into Pretoria under armed guard as a prisoner-of-war. Half the population of Pretoria turned out to see the old warrior arrive. He was released soon afterwards and allowed to return to the Leydenburg district. Later he was murdered by Mampoer, a minor chieftain who was arrested, found guilty of the murder of Sekukuni and hanged in Pretoria" [Car-01 p 69].

Beide die eerste Goewermentsgebou en die European Hotel word hier verkeerdelik as dubbelverdiepinggeboue geskets.

Die kerk het oorspronklik net bestaan uit die middelste saalgedeelte. Later is die linkerkantste deel aangebou om dit te vergroot en die klein kamertjie aan die regterkant van die skets is aangebou as 'n konsistorie. Ook die versierde trapgewel wat ons hier sien is eers later aangebring.

Rosa Swanepoel


Bronne

Car-01 Cartwright, A.P. & Cowan, N. 1978. **The old Transvaal 1834-1899**. Cape Town: Purnell. [foto p 69]

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-025]